

2 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 1:19–27

Fokusgedeelte: Jakobus 1:19-21

Berei jou hart voor vir die Woord

As ons iets in ons tuin wil plant, berei ons die grond voor. Ons haal die bossies uit en spit dit om, maak dit sag sodat die wortels van die saadjies wat ontkiem kan indring en die plantjies kan grootword. Anders vrek dit sommer gou (vgl Matt 13:1–9).

Jakobus stel in vers 27 ons harte as tuine voor waarin die saadjies van die Woord gesaai word. Ons moet sorg dat ons die bossies wat daar voorkom, eers verwyder. Die bossies is sedelike vuilheid en ongeregtigheid. Dit sluit al die soorte sonde in wat uit my ou natuur voortspruit en my innerlike lewe besoedel. Byvoorbeeld: Ek het sekere voornemens om op 'n oneerlike manier ander se besittings in die hande te kry. Ek wil dit wat ek het verkeerd spandeer. Ek weier om my slegte gedagtes te suiwer. Ek stry nie genoeg teen die begeerte om ander te beskinder nie. Hierdie sondebossies kom in kompetisie met die Woordsaadjies wat in my moet ontkiem.

Maar ons moet nie net hierdie sondebossies uit ons gedagtes verwyder nie, ons moet ook die grond van ons harte sag maak vir die Woordsaadjies. Ons maak ons innerlike sag deur in sagmoedigheid die Woord te ontvang. Dit is wat hierdie woord veral wil uitdruk. Daar moet sagtheid in ons wees. Ons moet toeganklik vir die Woord wees.

Maak dan jou hart sag deur vanuit die Gees van God te leef. Hy vermurwe ons harde, sondige harte omdat Hy in staat is om met sy goddelike krag ons gesindheid en optrede heeltemal te verander. Ons maak ons harte sag as ons God se liefde in ons het en dit uitleef. Ons maak ons harte sag as ons berouvol bid en ons aan die gesag van die Woord onderwerp.

Maak voor huisgodsdien, voor die eredien, voor jy die sakramente gebruik jou hart skoon en sag!

Sing: Psalm 25:2,4

Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)